



Die
AFRIKAANSE
PSALMBERYMING

G. DEKKER

A
839.36
DEK

Die Afrikaanse Psalmberyming

deur

G. DEKKER



J. L. VAN SCHAİK. BEPK., PRETORIA

1938

79/3404

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schnik, Bepk., Uitgewers, Pretoria.

*Aan die nagedagtenis
van my Moeder.*

OOR DIE SKOONHEID VAN DIE AFRIKAANSE PSALMBERYMING.¹⁾

Die verskyning van die Afrikaanse Psalmboek is die skone kroon op een van die belangrikste en vrugbaarste periodes in ons ontwikkelingsgang as volk. Die afgelope sestig jaar was vir ons 'n tydperk van worsteling en smart, worsteling om 'n volk te word, smart deur soveel wat van binne uit of van buite af hierdie geestelike groei belemmer het. En die wonder het plaasgevind dat juis deur die droewige ontgogeling, die beroewing van die Vryheid, daardie volkswording hom voltrek het. Die volgende dertig jare gee die verrassend snel opbloeiende jong letterkunde uiting aan hierdie konsolidasie tot 'n volk op alle gebied. Die feit dat een van die eerste tekens van die ontwaking van die kragte wat in dit alles werksaam was, omstreeks 1875 en by hernuwing na die oorlog, die behoefte aan 'n Bybel in die eie taal was, is veelseggend. Ook in hierdie tydperk het die ideële strewe van ons volk sy stukrag ontleen aan sy godsdiens. En as daar vandag soveel is wat ons waarsku teen selfoorskating en chauvinisme, soveel is wat selfs stem tot pessimisme, as die politieke verskeurdheid, die diep invretende inwerking van vyandige vreemde invloede, wat tans so sterk werksaam is as hulle seker nog nooit in ons volkslewe was nie, ons laat wanhoop aan die toekoms, dan laat die verskyning van die Afrikaanse Bybel en tans van ons eie Psalmboek ons weer ineens beseft dat onder al hierdie uiterlike verwarring en koersloosheid daar 'n onverwoesbare, gawe kern is, dat daar in die diepste van die volksiel geheimsinnige kragte onkeerbaar aan die werk is. En dan glo ons weer aan die toekoms . . . en geloof is alles in die stryd! Dit nog afgesien van die groot invloed wat ons van hierdie twee werke op ons godsdienstige lewe en dus op ons volkslewe op alle terreine mag verwag.

Dis nie my bedoeling om hier 'n verhandeling te skrywe oor die geskiedenis van die ontstaan van die Afrikaanse Psalm-

¹ Hierdie opstel is geskryf by geleentheid van die verskyning van die Afrikaanse Psalmboek.

boek nie. Ek wil alleen my blydschap uitspreek dat dit die pro-duk is van die samewerking van die drie Hollandse Kerke—ook dit is vir my nie toevallig nie en versterk my geloof in die toekoms.

Ek stel my in hierdie opstel ook nie ten doel om 'n literêr-wetenskaplike, kritiese bespreking van die Afrikaanse beryming te gee nie. By hierdie geleentheid wil ek slegs op die skoonhede wys. Ons psalmboek is nie volmaak nie, dis mensewerk. Ons sal aanstons sien watter groot moeilikhede die berymer moes oorwin. Wel is ek daarvan oortuig dat ons psalmboek 'n waar-dige plek sal inneem naas die van ander volke. Die gedeeltes wat tot nog toe verskyn het, is ook in Nederland met groot waardering ontvang en in die Christelike pers word telkens die versugting geslaak of ook die Nederlandse psalmboek nie hersien kan word nie, en verskillende beryminge wat die vrug is van suiwer persoonlike inisiatief, sien daar die lig.

Die Nederlandse Psalmboek was eeue lank ons troos, was een van die geestelike wapens waarmee die blanke beskawing in Suid-Afrika hom gehandhaaf het. Daardie psalms het oor ons vlaktes geklink vanaf die Trekker sy verskyning hier gemaak het, hulle het tot God opgestyg as innige gebed in die ure van benoudheid, as lofsang in die blydschap om die uitredding, ons het ons dierbares en ons volkshelde sien sterf met dié woorde op die lippe. Hulle is nes die Statebybel gewortel in die siel van ons volk en was een van die vormende faktore in die wording van 'n eie Afrikaanse kultuur. Die onsterflike skoonheid van die heerlikste sange daarvan moet veel daartoe bygedra het om die skoonheidsgevoel in ons te laat ontwaak en te voed. Die afskeid van daardie psalms sal die oueres onder ons dan ook vervul met weemoed en moet ons almal vervul met piëteit en dankbaarheid.

Daardie psalmboek is egter saamgestel in 'n tyd van diep geestelike insinking, en daarom bevat dit naas veel wat so onvergeetlik skoon is; ook veel wat oneg en geswolle, selfs 'n onsuivere vertolking van die Skrif is—iets wat ook in Nederland besef word. Waar ek 'n enkele keer die beryming van Totius vergelyk met minder geslaagde gedeeltes uit die Nederlandse Psalmboek, doen ek dit omdat hierdie metode voor die hand lê. Ek vertrou egter dat die leser hierin geen gebrek aan piëteit sal sien nie.

Die woord *psalmberyming* is 'n onbevredigende want misleidende woord. Dit dui as hoofsaak aan iets wat slegs bykomstig is: die rym, die musikale stylmiddel wat in die Hebreuse poësie geen rol speel nie maar in die moderne Westerse digkuns algemeen gebruiklik is. Veral die volkspoësie bedien hom met voorliefde hiervan, en die „berymde” psalm vir kerklik-liturgiese doeleindes is in sekere opsig volkspoësie. Dat die rym egter slegs stylmiddel is en nie tot die wese van poësie behoort nie, blyk duidelik uit die feit dat van die beste gedigte van die grootste kunstenaars van vroeër en vandag rymloos is. Omdat die woorde „psalmberyming” en „-berymmer” egter so vas ingeburger is, sal ek gerieflikheidsalwe ook gebruik daarvan maak.

Wat ons eintlik bedoel met „psalmberyming,” is die *vertolking* van die Hebreuse psalms in moderne Westerse versvorm. Dit beteken dus dat die vertolker hom heeltemal moet inlewe in die ontroering van die oorspronklike gedig. Hy moet so vervul wees daarvan, dat hy dit in sy Westerse taal en digvorm kan hêrskep. Hy moet dus skeppende digter wees wat sy sielelewe kan verwoord, sinnelik waarneembaar kan maak deur die musikaal-plastiese middel van die woord. „Let van d'eene taal in d'ander, door eenen engen hals te gieten, gaat zonder plengen niet te werk,” was reeds Vondel se bevinding met vertaalwerk. Hoeveel te meer sal dit geld van hierdie herskepping waar die kunsvorme, die beeldspraak, die taalstruktuur so verskil. Wel is daar tussen die Christen en die Hebreuse sanger die affiniteit van die geloof, van die aanvaarding van die goddelike inspirasie van die Psalm, wel behoort Israel tot die belangrikste van ons „geestelike voorouers,” maar dié Psalms is geskrywe in die taal van 'n primitiewe Oosterse volk, en die herskepper moet vir die Christengemeente sy psalms dig in daardie Oosterse beeldspraak en segging sonder om so sterk in te gaan teen die Westerse siening en voorstellingswyse dat dit duister of dwaas word.

Vir hierdie intens geestelike werksaamheid is nodig die vryheid van selfverwesenliking wat onmisbaar is vir alle kuns. Maar die psalmvertolker se vryheid is van gans ander aard as die van die gewone lirikus. Hy is gebonde aan allerlei beperkinge waarvan die skepper van die vrye lied nie weet nie.

Netsoos elke kunstenaar is ny noodwendig individueel in sy ontroering en in die verbeelding daarvan—dit is die wese van alle kuns. Maar hy mag nie individualisties wees nie. Dit sou hom ongeskik maak om die oorspronklike suiwer weer te gee, dit sou hom ook verhinder om in sy herdigting op te tree as vertolker van die ontroering van die singende gemeente saamgekom in die „samekoms der heiligen,” waarin sy eie ontroering moet oplos met versmelting van alles wat eie is alleen aan homself en vreemd is aan die gemeente. Die wonder wat openbaar word in die Hebreuse Psalms moet opnuut geskied: wat Dawid fel persoonlik deurleef het, het hy deur die geloof gesien as die sielservaring van al Gods kinders en nie van homself alleen nie. Immers God was vir hom die middelpunt, en nie die mens nie. So moet ook die vertolker in sy persoonlike beleving van die geheimenisse van die geloof soos openbaar in die psalmdigter se ontroeringe, kom tot „selfontlediging,” tot so'n verdieping en Godgerigtheid dat die eie ek verdwyn. Alleen só kan hy die verhewe eenvoud en innigheid bereik wat die kenmerk is van die Hebreuse sange—deur sy geestelike ingesteldheid, wat alleen moontlik is deur die geloof. Wat nie weg neem nie dat hy ook bewus willend steeds sal moet stry teen individualistiese sieninge en ontroeringe, wendinge en segswyse, opsetlike vermooring, wat nêrens meer uit die bouse is as hier nie. Die kunsgevoelige Revius, wat in sy beste verse sy Calvinistiese geloofsontroeringe veropenbaar het in die fynste gloed van Renaissance-skoonheid, het homself nie te hoog geag nie om die digterlik minder geslaagde maar onder die Hervormdes so geliefde beryming van Datheen te verbeter toe hy besef het dat dit vir sy geloofsge-note aanneemliker sou wees as 'n selfstandige vertolking van sy hand. Hy onderneem in alle nederigheid hierdie taak as ander dit nie aandurf nie, en hy stel as eis:

Maar gunt ons dat een weinig uwe veder
 Tot het begriip der kleinen zich verneder,
 Uw hoge vlucht wat naar de aarde daal.
 Hebt gij verschiet van ongemeine taal,
 Hebt gij een vloed van diep-gehaalde reden,
 Ei, spaart ze, om die elders te besteden.
 Zoekt klaarheid, zoekt eenvoudigheid alhier.

En wijket niet van Davids zoete lier,
Poogt zijnen en niet uwen zin te treffen,
En ons met u ten hemel op te heffen.

Dit hou egter nie in dat van die digter berymtinge verwag moet word wat deur 'n skoolseun sonder die minste inspanning begryp en meganies opgedreun kan word nie. En as poësie en as vertolking van die tog ook nie deur iedereen dadelik tenvolle begrepe Hebreuse Psalms, sal sy werk dieptes hê wat verborge bly vir wie nie die rypheid besit of die drang voel om deur die nodige inspanning daartoe deur te dring nie.

Net soos die Hebreuse psalms is ook die berymde psalms bedoel om gesing te word. Hulle moet dus die karakter van sang dra, of, soos Camphuysen dit uitgedruk het, „zowel zingelik als lezelik” wees. Die Afrikaanse berymer se taak word nog bemoeilik deur die feit dat vir die meeste psalms die Nederlandse melodie behou is, dit wil dus sê die Nederlandse versmaat. As ons bedink die verskil in ritme tussen die twee tale, sal ons besef watter moeilike eise dit stel. 'n Vorm wat natuurlik is vir die Nederlandse taal, met sy slegende uitgange, moet soms uiters lastig, in sommige gevalle selfs heeltemal ongeskik wees vir Afrikaans, met sy afgeslete uitgange, waardeur die gedragenheid dus op 'n ander wyse bereik moet word. Sowel die berymer as die verskillende kommissies het die voorkeur daaraan gegee om die berymde versvorm, wat al so tradisie geword het, te behou. Suiwer literêr kan teen hierdie vorm, wat die digter so aan bande lê en so maklik lei tot rymdwang, ernstige besware ingebring word. Die kunsgevoelige, literêr ontwikkelde enkeling sal aan die vryere, rymlose vorm in baie gevalle die voorkeur gee. Vir die groot gros geld egter die teendeel. Dat die berymde psalm tradisie geword het, is nie toeval nie—dit hang saam met die karakter van alle volkspoësie, waartoe die metriese psalm ook in sekere sin behoort. In die volkslied speel die rym, in minder of meerder suiwer vorm, 'n groot rol. Vir die eenvoudige gemoed behoort die musikale effek van die reëlmatig terugkerende klank tot die wese van poësie. Dit gee hom estetiese bevrediging, skep 'n sekere verhewe gemoedelikhed en tog ook erns, dit laat die verse ook makliker in die geheue hang. Hiermee wil ons natuurlik die psalmvertaler nie verneder sien tot 'n rymelaar nie

— ons ver wag van hom dat hy die volksaardige vorm veredel en verfy n tot ' n sang waarin die ontroering sig behalwe in die spontaan opklinkende rym ook in die suiwerheid en suggestiwiteit van beeld en ritme openbaar.

Insiggewend is ook dat Totius se poging in Ps. 7 om los te breek van die meganiese gepaarde rym wat in die Nederlandse bewerking ' n nare dreun geword het, goed geslaag het. Totius se veel sterkere ontroering en beeldende krag kon hulle hier nie skik na die starre rymskema nie. Vergelyk slegs:

Zoo zullen zich geheele scharen
Van volken om U heen vergären;
Beklim dan, boven dit gewoel,
Uw hemeltroon, Uw rechterstoel.
De Heer zal al de volken richten,
En 't onrecht voor het recht doen zwichten:
Geef dan, o Heer, dat voor elks oog
Mijn recht en vroomheid blijken moog'.

Heer, ontwaak en keer sy gramskap
met die vuurskerm van u wraak!
Daag hom voor u regtersetel;
laat my tot my reg geraak!
Straal u vonnis voor die oë
van die volke op hom neer!
Keer dan majesteitlik, Here,
na die ew'ge hoogtes weer.

Hiermee is al die eise waaraan die werk van die psalmberymmer moet voldoen, nog nie genoem nie. Hy is ten strengste gebonde aan die eksegetiese en leerstellige inhoud van die oorspronklike. Dit beteken dat hy toegerus moet wees met wetenskaplike metode en kennis, die leerstellige inhoud en interpretasie van die psalms moet ken, ook in die lig wat die Nuwe Testament daarop werp. Kén is nie die juiste woord nie—sy aan- en deurvoeling moet hierin gefundeer wees. Maar watter ingespanne studie moet daaraan nie voorafgaan nie!

Tenslotte: die strengste toets wat gestel word aan die psalmvertolker, is dat hy die vermoë moet besit om hom in te lewe in honderd-vyftig psalms. Die verskeidenheid wat ons hier aantref, is die verskeidenheid van nuanses van ' n paar

grondstemminge: ootmoedige kleinheids- en sondebeseft, innige klag en smeking, heilige haat en hoon teen die Godsvyand, dankbaarheid en juiging oor die verlossing, verheerliking van Gods majesteit en regverdigheid en genade. Alleen wie só diep ingedaal en ingeleef het in die psalmdigter se gemoedstoestand, sy stryd, sy kleinmoedigheid, sy jubilering, dat daardie ontroeringe ook die van sy eie siel geword het, alleen hy kan in elke psalm 'n nuwe openbaring sien van die misterieë van die geloof en van die Godsplan, telkens opnuut 'n ontroerde vertolking daarvan gee, sodat hy nie verval in swaakheid van deursoening van elke nuanse, wat dadelik tot gevolg sal hê eentonigheid en cliché nie. Hier moet daarop gewys word dat sommige psalms baie ver buite ons moderne Westerse gevoelsfeer lê. Is dit moontlik om behalwe in tye van geloofsvervolging die vloekpsalms tenvolle na te voel en 'n geslaagde vertolking te gee van die felle primitiewe haat teen die Godsvyand in verse soos die volgende?

Ps. 58: „Laat hulle wees soos 'n misgeboorte wat die son nie gesien het nie.

Die regverdige sal bly wees as hy die wraak sien; hy sal sy voete was in die bloed van die goddelose.”

Ps. 137: „Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots.”

Uit dit alles sal dit wel duidelik wees dat die kuns van psalmberyming 'n kunsoort op sigself is, wat beantwoord aan 'n heel besondere roeping en gebonde is aan die heel besondere eise wat daaruit voortvloei. Wie hierdie kunsoort gaan toets aan die norme van vrye liriek, wie 'n psalmvertolking gaan beoordeel asof hy 'n gedig van Boutens of Van Wyk Louw voor hom het, sondig teen die eerste beginsels van letterkundige kritiek. Sware beperkinge is aan die psalmberymer opgelê, maar ook hier geld die geveelde woord van Goethe: „In der Beschränkung zeigt sich erst der Meister.” Ook hier moet die beperking digterlike „vinding wetten”—daarvoor moet die herdigting onderneem word as 'n geloofsdaad.

Die geskiedenis van die Protestantse psalmberyming onder die Wes-Europese volke is uiters interessant. Dit begin

met Calvyn se uitgawe in Straatsburg, 1539, van „Aulcuns pseaulmes et cantiques mys en chant,” hoofsaaklik beryminge van die wufte hofdigter Marot, wat aan die Franse hof onder Frans I en veral onder Hendrik II sterk in die mode geraak het: vorste en howelinge, o.a. Catherina de Medici, het elkeen hulle lyfpsalm gekies wat hulle gesing het op self gekose wêreldlike melodieë, o.a. van jag- en minneliedjies! Later komponeer Bourgeois e.a. vir Calvyn se psalmboek die onsterflik mooie melodieë wat ons vandag nog sing, sy dit in enigsins gewysigde vorm. Ook hieraan lê in baie gevalle wêreldlike sangwysies ten grondslag. In Nederland was die beryming en veral die „uitbreiding” (vrye verwerking) van die psalms 'n geliefde vorm van digkuns tydens die tweede helfte van die sestende eeu en tydens die sewentiende eeu. Die na die Franse beryming bewerkte psalms van Petrus Dathenus het lank geliefd gebly. Daarnaas het kunstenaars so sterk verskillend as Van der Noot, Lucas de Heere, Marnix van Sint Aldegonde, Vondel, Camphuysen, Revius, selfs die humanis Hooft hulle kragte aan hierdie genre beproef en skone poësie gelewer, maar daaruit het nooit 'n volledige psalmberyming ontstaan wat beantwoord aan die eise hierbo genoem en deur die Kerk aanvaar kon word nie. Eers in die agtiende eeu is 'n nuwe psalmboek opgestel. Dis nie die werk van bekende digters nie en vertoon naas die skoonheid van heelwat beryminge al die gebreke van daardie eeu. Ook moet daar heelwat kritiek uitgebring word op die leerstellige en eksegetiese inhoud. Dit is die beryming wat tans nog in Nederland en in ons land in gebruik is.

Soos 'n Willem die Swyger, 'n Abraham Kuyper, 'n Andries Pretorius, 'n Paul Kruger, 'n Langenhoven opgetree het toe die tyd om 'n leier geroep het, so is Totius ons gegee toe die tyd geroep het om 'n psalmberymmer. En hierdie kunstenaar se ontwikkelingsgang as mens en as digter is so kennelik 'n voorbereiding vir hierdie hoë taak, wat die kroon op sy lewenswerk is, dat ek daarin alleen 'n goddelike bestiering kan sien.

Seun van die geniale leier van die Eerste Afrikaanse Beweging, groei hy op in die Christelik-nasionale sfeer van die Genootskappers. Na die oorlog, waarvan hy 'n deel mee-maak op kommando, vervul hy sy roeping as volksdigter deur

uiting te gee aan die verbysterende smart van sy volk en agter daardie lyding die Raadsplan van God te sien. Van die begin af word sy poësie gekenmerk deur die Calvinisties-visionêre siening, die simboliek, die skouing van die geestelike waarheid agter die toevallige, tydelike verskyninge. Ook merk ons al dadelik die invloed van Bybelse motiewe en beelde in sy kuns. Maar wat hy as profeet, as Siener geskou het in die lot van sy volk, moes deur die smart en beproewing in sy persoonlike lewe eers aan eie siel geheilig en verinnig word voordat hy die geloofsontroeringe van die psalmdigter so intens kon belewe dat hy hulle kon vertolk. Die visionêre verheerliker van Gods Raadsplan in die lydensnag van sy volk, die boetprofeet moes eers worstel om in sy eie lewe daardie lig te sien voordat hy in staat sou wees om vir sy volk die poësie van die Hebreuse psalmdigters te herskep wat tegelyk so sterk nasionaal en so intiem persoonlik is en uit hierdie twee wesenstrekke deur die goddelike inspirasie gegroei het tot universaliteit. Daarby het Totius 'n voorbereiding gehad waarvan die belang moeilik oorskat kan word. As een van die vernamste Bybelvertalers, wat sy stempel sterk afgedruk het op hierdie grootse werk, was hy o.a. belas met die oorsetting van die Psalms. Uit hierdie werk het sy drang tot psalmberyming gegroei. Hy het dus nie eers al die moeisame voorbereidingswerk waarop ons hierbo gewys het, gedoen as middel tot 'n doel nie, maar as hy saans vermoed gaan rus het nadat hy hom die hele dag verdiep het in die Hebreuse sange, het die ontroering hom aangegryp, en in die nederige vertrekke van sy plaashuis het hy in die bed, by die lig van 'n kers op 'n stoel, sy berymings neergeskryf. S6 het die eerste en tal van die mooiste vertolkinge ontstaan.

Na my opmerkinge oor die moeilike eise waaraan die werk van die psalmvertolker moet beantwoord, sal wel niemand verwag dat Totius se berymings orals ewe goed geslaag het nie. Dit kan wel nie anders nie of die besieling was nie altyd ewe sterk nie, sodat ons in sommige verse, selfs strofes of hele psalms 'n sekere matheid voel, met die onvermydelike literêre gevolge daarvan. Dergelike by alle mensewerk noodwendige swakhede kom in alle berymings voor en, sover ek kan oordeel, in die meeste in veel groter mate as in Totius s'n. Maar

by die heuglike verskyning van die Afrikaanse Psalmboek, waarna so lank en met soveel verlange uitgesien is, lê dit voor die hand dat ek veral die aandag vestig op die groot skoonhede daarvan. Die ryke stof is hier so oorweldigend, dat ek slegs op die belangrikste hoofpunte kan wys.

Die beryming van Totius is deur kerklike kommissies ten opsigte van die eksegetiese en leerstellige inhoud gekontroleer. Suiwerheid in hierdie opsig is egter nie slegs 'n teologiese kwessie nie, maar ook 'n estetiese eis. Daarom het ook die literatore van die revisiekommissie, sover hulle daartoe bevoeg was, aan hierdie aspek, wat die wese van die vertolking raak, gedurig hulle aandag gegee. En die wyse waarop die berymer hom ook in hierdie opsig van sy taak gekwyt het, is een van die grootste skoonhede van sy werk, druk die stempel van egtheid daarop.

As die Nederlandse berymer Ps. 139 vs. 24 („en lei my op die ewige weg”) omdig tot:

En doe mij toch met vaste schreden
Den weg ter zaligheid betreden,

dan is dit ook esteties storend, want onbybels, onwaar, 'n verknoeiing van die innige gebed. Suiwer in die ootmoedige gebedstoon, in die gees van die hele psalm en ook van die hele Skrif is die Afrikaanse vertolking:

En lei voortaan my wank'le skrede
tog op die weg van eeuwge vrede.

Bekend is die onskriftuurlike braafheidsverheerliking van die Nederlandse psalmvers (1 vs. 4):

De Heer toch slaat der menschen wegen gâ,
En wendt alom het oog van zijn genâ
*Op zulken, die, oprecht en rein van zeden,
Met vasten gang het pad der deugd betreden;*
God kent den weg, die eeuwig zal bestaan,
Maar 't heilloos spoor der boozen zal vergaan.

Die Afrikaanse prosavertaling lui: „Want die Here ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.” Hoeveel suiwerder is Totius se vertolking:

*God ken die pad waarop sy volk moet gaan;
sy oog is dit wat hulle gadeslaan
en met sy lig hul lewenspad bestraal het;
maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het—
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed,
loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.*

Die berymde psalm is uit die aard van die saak dikwels 'n digterlike parafrase waarin die gedagte van die Hebreuse psalm meer eksplisiet vertolk word. Ook die noodsaaklikheid om 'n vers of strofe te „vul” maak 'n sekere mate van uitbreiding soms nodig. Hierdie vryheid moet aan die berymer gelaat word, mits die uitbreiding nie uiterlike fraaiing, mooidoenery word en nie ingaan teen die gees van die psalm of van die Skrif nie. 'n Mooi voorbeeld van geslaagde en gewettigde uitbreiding vind ons in die pas aangehaalde verse van Totius: dis 'n meer eksplisiete weergawe van die oorspronklike, en in die tweede gedeelte getransponeer in meer konkrete siening. Let op die fyn plastiese trekke „weggedaal”—'n minder oorspronklike digter sou die tradisionele en deur gedurige gebruik weinigseggende „weggedwaal” gebruik het. Oor die algemeen bly Totius binne hierdie perke van gewettigde uitbreiding—waar hy 'n gedagte ingevoer het, wat nie in die teks self staan nie, het hy oorspronklik gewoonlik in 'n voetnoot verwys na die Bybelteks waaraan dit ontleen is. In baie gevalle bly hy egter heel na aan die oorspronklike en bereik dikwels 'n verrassende effek deur woordelike oorname daaruit. Let b.v. op die beeldende verse van Psalm 147 (6-7):

Hy stuur van bo sy koningswoord,
snel vlieg dit heen van oord tot oord.
Dit is die God van lug en weer
wat strooi soos wol sy sneeuvlok neer.
Natuur moet op sy wenke pas:
Hy strooi rondom sy ryp soos as,
die waters groei tot ysblok aan—
wie kan voor so'n kou bestaan?

Hy stuur sy woord, sy wind—hul smelt.
Die waters stroom weer oor die veld.

Die Bybelwoorde lui:

„(Hy) wat sy bevel na die aarde stuur—sy woord
loop baie vinnig.
Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi sy ryp soos as.
Hy werp sy ys heen soos stukke—wie kan bestaan
voor sy koue?
Hy stuur sy woord en laat hulle smelt; Hy laat sy
wind waai—die waters loop.”

Vergelyk Totius se sober-direkte weergawe met die ook
mooie Nederlandse beryming en kyk wat daar ingelas is:

Hij zendt op aarde Zijn bevelen;
Zijn woord loopt snel door 's werelds delen;
Hij geeft de sneeuw om 't land te dekken,
En tot een zachte wol te strekken;
Wier wond're vlokken voor elks oogen
Gods macht en wijsheid klaar betoogen;
Of strooit weer, *ten bekwamen stonde,*
Den rijm, als stuivend' asch, in 't ronde.

Wie zou niet voor Gods grootheid bukken?
Hij werpt Zijn ijs daarheen als stukken;
Wie kan bestaan voor Zijne koude?
Daar niemand die verduren zoude,
Moet rijm en ijs weer *met elkand'ren.*
Op Zijn bevel, in vocht verand'ren;
Want, waait Zijn wind, de waat'ren vloeien;
Rivier en beek begint te groeien.

Let verder op dat die Nederlandse digter, afgesien van die gekursiveerde uitbreiding, die „sneeu soos wol” nie gesien het as visuele beeld nie, en dat hy hom in „ten bekwamen stonde” en „met elkand'ren” bedien van niksseggende stoplappe. Aan hierdie gebrek het Totius ook nie altyd ontkom nie, maar in vergelyking met die Nederlandse beryming sondig hy selde in hierdie opsig.

Dat hy die oorspronklike so sober-getrou, sonder storende invoegsels, kon weergee, is omdat hy hom so verdiep het in die Hebreeuse psalms, dat hy die toon en stemming in hom opgeneem het. Die gedig *as geheel* het herleef in sy beryming,

dit het 'n eenheid gebly waardeur die gevoelstroom van begin tot end stroom. Daarom is elke vers nie afsonderlik moesaam inmekaar geknutsel nie. Elke strofe dein voort op die dinamiese gang van die geheel. Uit hierdie besef van die organiese eenheid van elke psalm vloei die ander skoonhede van die beryming voort. Dit het die digter ook in staat gestel om in baie gevalle sonder verlies sy vertolking korter te maak as die Nederlandse—Ps. 119 het hy gereduseer van 88 tot 63 strofes. 'n Vergelyking van die bo aangehaalde beryminge van Ps. 147 verklaar hoe dit moontlik was en selfs as 'n vooruitgang beskou moet word.

Juis deur sy diepgaande kennis van die eksegetiese inhoud, die aanleiding tot die ontstaan, die geleentheid waarby hierdie psalms gesing is, het Totius verskillende daarvan weer op verfrissende wyse gesien as geleentheidsange. Hoe herleef die Messiaanse Ps. 45 weer vir ons in al sy gloed as huweliksang. Hoe mooi dui die volgende vers aan dat Ps. 5 bedoel is as gebed by die more-offer :

O Hoor my pelgrimsmôrebede.

En hoe dui die derde strofe die geleentheid aan waarby Ps. 81 gesing is :

Laat basuine klink
as aan lae transe
nuwe maan weer blink!
Blaas hul nog 'n keer
as die Paasmaan weer
skyn met volle glanse.

Maar die triomf is in hierdie opsig wel Ps. 134, wat een van die juwele van ons religieuse poësie geword het. Die digter sien dit, soos dit ook in die Afrikaanse Bybel aangegee word, as 'n nagtelike begroeting, 'n bedevaartslid. Na die eerste strofe wat die geleentheid aandui :

o Priesters wat voor God bly staan
wanneer die sonlig ondergaan,
wanneer die laaste straal verskiet—
o Loof die Heer in sang en lied!

sien hy dit weer as beurtsang tussen die volk, wat om bemiddeling by God smeek, en die priesters, wat die seën uitspreek :

Die volk: o Hef vir ons 'n naglied aan
wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande en pleit
as alles rus in donkerheid.

Die priesters: Die Heer se seën sal met u gaan,
en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en—dit geskied,
Hy sal sy seen oor u gebied.

Wat 'n wyding gaan daar uit van hierdie psalm wat ons ook in die skone Nederlandse vorm so lief het. Let op hoeveel suiwerder die slotstrofe in die Afrikaanse beryming is as in die Nederlandse beryming en in die Afrikaanse Bybel. Die digter het hier 'n veel beter Afrikaanse vorm gevind vir die Hebreuse jussief, die wys wat gebruik word wanneer die priester kragtens sy amp die seën van die Here gebied, nie afsmeek of toewens nie. Ons Protestantse erediens is so arm aan liturgie. Wat 'n geestelike verryking sou dit nie beteken nie as ons in die toekoms die aanddiens sou besluit met die sing van hierdie heerlike psalm!

Soberheid en direktheid van segging kenmerk die Afrikaanse beryming—dis vry van bewuste literêre strewe. Die taal dra in hom die vonk van ontroering; daarom kan dit eenvoudig en direk wees sonder mooidoenery. 'n Strofe soos Ps. 120 vs. 3 is in hierdie opsig 'n uitsondering :

Pyle ylings afgevloë
van die staalsterk heldeboë
met 'n dodelike sprong,
saam met vuurstraal uit die rosse
kolegloed van besembosse—
dis jou loon, o valse tong!

Hierdie pragtig beeldende verse doen my aan as bietjie te literêr in hierdie verband. Of liever, want ek sou hulle tog nie graag wil mis nie, hulle laat ons des te beter besef hoe

die digter gewoonlik só opgegaan het in sy taak, dat die gawe van „selfontleding” vanself gekom het.

Hoewel Totius sekere woorde en wendinge gebruik in spesifiek Bybelse sin, het hy oor die algemeen ontkom aan die groot gevaar wat ons op kerklik gebied die tale Kanaäns noem. Elders het ek hierdie proses van taalverstarring as volg probeer karakteriseer: „Die dood van alle kuns is konvensie, die onbesielde, ondeurvoelde gebruik deur epigone van die vorme en beelde wat die Meester geskep, ontdek het. Hierdie lot tref veral die woordkuns. Juis omdat die woord 'n vaste betekenis het, is daar geen grondstof wat so gou „schablone,” starre vorm word nie. Want die mens gebruik die woord nie alleen, selfs nie in die eerste plek, vir die hoë funksies van sy gees nie; hy gebruik dit byna elke oomblik van sy wakende lewe vir die doeleindes van sy daaglikse behoeftes. En daarby besef hy nie die heerlijkheid van sy instrument nie—hy gebruik dit agteloo, slordig. Woorde en beelde word vir hom simbole met 'n starre gedagte-inhoud, ontgaan van gevoel. Hulle word gore, beduimelde banknote, deur veelvuldige gebruik afgeslete muntstukke wat nog altyd dienstig bly om daarmee te koop wat hy vir sy daaglikse, stoflike behoeftes nodig het. Woorde en beelde wat die eerste keer gebore is uit die ontroering in die siel van die spreker en die vermoë besit het om daardie ontroering te laat natril in die siel van die hoorder, het dié vermoë verloor deurdat hulle meganies, gevoelloos gebruik is soos algebraïese simbole deur 'n matematikus: hulle is nie meer „instinct with spirit, a spark, a burning atom of inextinguishable thought” nie, hulle roep niks meer op voor die verbeelding van die kunstenaar nie, hulle is slegs koue, abstrakte begrippe. Die woord is van sy luister beroof, word nie meer gedra deur sy musikaal-ritmiese skoonheid nie: hier is daardie volmaakte harmonie waarmee dit oorspronklik begaafd is, verstoort. En die taal is vol van sulke verstarde beelde wat in die loop van die eeue so opgestapel het, dat dit tans amper onmoontlik is om anders as in afgeslete beeldspraak te praat.” Indien êrens, dan is hierdie verval merkbaar in die taal van die godsdiens en van die kerk. Hoe ontroerend kan die minder ontwikkelde soms sy diepste geloofsbeleving uitstamel in onbeholpe samevoeging van brokstukke „verhewe” taal, maar aan die ander kant: hoe vlot en gevoelloos word daar gedurig ge-

speel met woorde en uitdrukkinge uit die Bybel en uit die religieuse taal wat daar in die loop van die eeue ontstaan het—ook van die kansel af! Maar gelukkig dat ook in die geestelike lewe van tyd tot tyd plaasvind wat op letterkundige gebied gebeur: „Gelukkig dat daar telkens 'n vernuwing in die kuns kom, dat daar telkens waaragtige, oorspronklike digters opstaan wat die drukkende las van konvensie en retoriek van hulle afgooi en die taal weer omskep tot 'n nuwe, suiwer gevoelige instrument waaraan hulle weer nuwe, nog nooit gehoorde klanke ontlok. Dan vind weer plaas die wonder wat Joubert so onvergeetlik mooi beskryf het: „Les mots s'illuminent quand le doigt du poète y fait passer son phosphore”—die woorde begin weer glans wanneer die vinger van die digter sy fosfor daaroor stryk.”

So'n vernuwer is Totius waar hy sagglansende of ekspresiewe nuwe woorde munt om sy ontroering te vertolk, sy siening te verbeeld. Vir hom het die berge voor Gods toorn gesidder „skrik-verras”, die aarde „gesidderbeef”, die volke „skrikverslae” gebef, terwyl die gelowiges „stilverslae” op sy goedheid wag. God is 'n skild van „keurmetaal,” hy is „skeppingsmagtig.” Wat 'n mooi vinding is „kroon van fynste gloed” i.p.v. „fynste goud,” en hoe laat „offerbrand” i.p.v. „brandoffer” die Ou-Testamentiese plegtigheid weer ineens konkreet voor ons opstaan. Wat 'n pragtige vers het die bede geword: „laat oor ons *aanlig* al U lieflikhede,” en wat 'n fyn gevoel vir die uitdrukkingsvermoë van die taal openbaar wordde en uitdrukkinge soos „kronkelspronge,” „pragverskyning,” „wonderhede,” „skuilgeboë,” „dwaalsiek hart,” „swerfgedagte.”

Daarnaas het die sobere gebruik van sekere argaïsmes 'n treffende uitdrukkingsmiddel verskaf. Ek lê hier die nadruk op sobere—die digter gebruik hulle nie om aan 'n metriese moeilikheid te ontkom of as „tale Kanaäns” nie! Die enkele keer dat Totius woorde en wendinge wat nie meer in die spreektaal bestaan nie, soos „onspoed,” „God der ere,” „Heer der leërmagte,” „skigte,” „derf,” „Gode,” (as datief), „ywersug,” „erlang,” „met lede oë,” „dies,” (daarom) aanwend, is dit nie storend nie—sô gebruik is hulle ryk aan assosiasies en bewaar die band met die verlede.

Die direktheid van die digter se taal en vertolking kom veral uit in sy behoud van die dialoog. Hoe pragtig beeld hy

daardeur in ruige taal met verhewe spot die Godsvyand uit en sy hoon en verwate trots. Lees b.v.:

Die goddelose wandel in sy waan;
hoogwys het hy sy neus omhooggesteek,
vermetel het sy mond dit uitgespreek:
„Daar is geen God!” En rustig stap hy aan.

18 a.25

Hy is voorspoedig waar sy voetstap gaan:
„Hoog in die hoogte, eind'loos ver,” dink hy,
„is Gods gerig: geen loon of straf vir my.”
En hy verag al wie hom teëstaan.

Hoe voltooi telkens „En rustig stap hy aan” en „En hy verag al wie hom teëstaan” hierdie beeld van die mens in sy verdwaasde selfversekerdheid! En wat 'n fyn trekkie sielkundige tekening in:

of smalend sê in hul gedagte:
„ons het oorwin, daar struikel hy!”

Let op die plastiese „daar!” En hoe pragtig-realisties word die hoon van die vyand geteken in:

Maar ek, ek is 'n wurm—'n man nie meer,
'n smaad van wie deur spotsug my onteer.
„Laat dit maar oor, so roep hul, aan sy Heer!”
My heilsverwagting
krenk hul met hoofgeskud en diep veragting
van lipgebaar.
„Wat klaag hy so verslae?
Laat God hom red, Hy 't mos in hom behae.
Vertrou Hom maar!”

Hoe kostelik word die skinderpraatjies en boosaardige leedvermaak uitgebeeld in die dialoog van die volgende:

My haters kom byeen, staan skelm opsy
en fluister kwaad teen my;
hul sê: „Iets skand'liks is op hom gestort;
toe het hy krank geword!
Nou dat hy lê, sal hy nie opstaan weer.”

Ook waar die psalmdigter self spot met primitiewe Ou-Testamentiese spot, het Totius dit uitstekend vertolk. Om slegs een voorbeeld aan te haal—in Ps. 135 teken hy die afgode:

daar's 'n mond, maar sonder taal;
daar's 'n oog, maar sonder straal.

Ore het hul, maar dié's doof
vir die klank van stem of taal;
ook 'n mond, maar afgodshoof
kan nie daarmee asemhaal.
Laat dié wat hom dien en vrees,
soos die afgod, net só wees.

Let op hoe die slotverse, met al die nadruklikheid van die spontane spreektaal, die ruige hoon voltooi.

Dis juis hierdeur dat Totius se beryminge so aan ekspressiwiteit gewin het: sonder om aan waardigheid en verhewenheid in te boet bly hy so na aan die gesproke woord. Hoe veel beter gee in die volgende voorbeelde die natuurlike wendinge, met die spontane ritme en nadruklikheid, ek sou byna wil sê: met die gebaar, van die spreektaal, die ontroering weer as wat glaggrammatikale sinne dit kon gedoen het:

Tot U, van wie my lofsang is,
roep ek in my benouenis,
en—van my vyand word ek vry!

Die Engel Gods, laat hy hul vind.

'n Slak wat wegsmelt in sy slyk
sover hy kruip—maak so hul gange!

Die hemel daar — sy werk is dit!

Die mens — soos gras is al sy lewensdae.

Totius gee in sy beryminge telkens blyk van die gawe om moeilike mate en ryme te hanteer. Veral dwing die geslaagde volhou van die uiters moeilike slepende rym, wat so onmisbaar

is om die lank aangehoue klag te vertolk in klaag- en smeek-
psalms soos Ps. 22, 38, 44, 55, 102, 122, bewondering af. Sy
fyn versgevoel kom veral duidelik uit in sy aanwending van
die enjambement, een van die kragtigste uitdrukkingsmiddele
waaroor die digter beskik: deurdat die vers grammaties deur-
vloei na die volgende maar om musikale en ritmiese redes ef-
fens opgehou moet word, kry die rymwoord 'n buitengewoon
sterk beklemtoonde posisie, wat dit 'n groot ekspressiwiteit
verleen. Let b.v. op die volgende verse—hoe verhewig die en-
jambement die siening:

Die God van mag, van kragbewyse,
verbreek die skepe, *pragpaleise*
van Tarsis: *oseane*
spring op voor sy orkane.

en in:

Dis die Heer se stem wat *vuur*
uit die donderwolke stuur.

Hoe word die klag versterk in die volgende:

al die golwe en die bare
met hul *sware*
druk het my te swaar geword.

En wat 'n innige, dringende smeking in:

O God, verhoor nou my gebed
wanneer ek smee en roep, *en red*
my van die mens wat my belaag.

of in:

Verberg vir my die sluwe raad
en wilde woeling van *wie kwaad*
teen my versin.

of in:

die ganse nag deurweek ek
my bed met tranes, *smeek ek*
om redding uit my leed.

Watter wenende klank kry die woord „giet” nie in die geak-
sentueerde posisie in die volgende verse nie:

Op U rig ek my wenende oë;
by U, o Here, skuil ek. *Giet*
my siel nie uit in my verdriet.

Dis te hope dat ons jonger geslag nie soos ons oueres geleer word om oor die enjambement heen te lees asof dit prosa is nie!

Wat Totius se beryminge so vir ons laat lewe, is die konkrete siening wat tot uiting kom in klein plastiese trekkies—dit maak sy vertolking soveel mensliker, red dit van vermoeiende abstraksies. Hierdie konkrete trekkies gee hy ook waar dit nie direk nie of slegs in knopvorm in die oorspronklike aanwesig is. Laat ek toelig met 'n paar sprekende voorbeelde:

waar die spotglans in die oog is,
waar spotters vrolik spot met al wat hoog is.

Hy vang sy prooi deur aan sy net te trek
en sleep hom weg, *diep in sy wegkruipplek.*

wanneer ek wegskuil by U hand
vir alte sluwe teëstanders.

Hul het al kruipende gekom;
uit vestings *skuif* hul kragtloos en krom

'n Bende skenders staan om my 'n kring.

En dan die pragtige verse:

Vrees nie, wanneer 'n man se skatte groei,
wanneer sy huis in waarde en weelde bloei;
want by die grens daar staan die dood, die wagter;
dié wys 'n graf, en — hy laat alles agter.

En hoe vergeestelik is die beeld in:

my smart
is aangewakker tot 'n lydensvlam.

Die Hebreuse digter, wat op sy vlugte en omdolinge die hitte leer ken het van „die son wat bo jou trekpad staan” en die koue van die nag, die dreun van die donderweer en die sagte

seëning van die vrugbaarmakende reëntjie, die grimmige onherbergzaamheid van die woestyn en die lieflikheid van die met ryke oes pralende lande, beeld sy ontroeringe telkens uit met daardie natuur as agtergrond. Dit hoef wel geen betoog nie dat Totius hom 'n veel reëler beeld van die Oosterse natuur kan vorm as die Nederlandse berymers dit kon doen. Dit herinner my aan die goeie antwoord wat die digter een keer gegee het aan iemand wat beswaar gehad het teen die feit dat die hert in Ps. 42 vs. 1 nie meer is „der jacht ontkomen” nie. Totius het daarop gewys dat die Bybel maar net praat van „'n hert wat smag na waterstrome.” Die Hollander in sy waterland het hom nie in die werklike beeld ingeleef nie—vir hom was daar maar een moontlike rede waarom die hert so'n dors kan hê: deurdat hy agtervolg is, het hy nie die geleentheid gekry om te drink nie. 1). Totius het die beeld weer in sy konkreetheid aangevoel:

Soos 'n hert in dorre streke
skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke.

Wat 'n felle realiteit is hierdie sonnebrand vir die Afrikaanse digter, en hoe gloei die hitte daarvan telkens in sy verse:

Net soos rook in stormevlae,
so verdwyn my droewe dae;
my gebeente[^] is dor geskroei,
soos 'n vuurherd so deurgloei.
En soos plante[^] in sonnelande,
welk ek by U sonnebrande.

Let op die effek van die gerekte vorme soos „sonnelande.”

Ek smag soos alles om my
waar 'k swerf in wilde woesteny,
'n dor en uitgedroogde land
waarop die son se vure brand.

1). Camphuysen het die ingevoerde Hollandse beeld van die jag nog verder uitgewerk en selfs honde daarby gehaal!

Een dorstig hart dat voor de honden vlied,
Verlangt zoo zeer na 't versche water niet
Als mijn gemoed dat troost van U verbeyd.

My krag het weggedroog van uur tot uur
soos velde deur die somersonnevuur.

Maar die digter het ook die berge gesien in hul grillige, uitd-
gende prag:

Wat spring jul, berge, rug aan rug,
geweldig in die hoë lug
om Sions kruin te terge?

Hy het die wilde golwing onder die stormwind gesien van
die seders op die Libanon:

Dis die Heer se stem wat spreek
as die trotse seders breek;
as hul spring soos kalwers op
Libanon se hoë top.
Berge kom saam in beroering:
Sirjon spring van skrikvervoering,
Libanon met sederbosse,
huppel soos die wilde osse.

Hy het die golwe gesien onder die sweeps slag van die wind:

Hy spreek, en om die skepe
spring wilde bare op,
die winde is die swepe
wat hul tot woede klop.

Deur dit alles, sy gawe om die ontroering van die Hebreu-
se sanger weer opnuut te belewe en die vermoë om hierdie
sielsbelewinge en sieninge te verbeeld, het Totius daarin ge-
slaag om die fyne nuansering van stemminge gemoduleer op 'n
paar grondtone, te vertolk. Van die geslaagde uitbeelding
van die Godsvyand in sy verdwaasdheid en honende spot het
ons reeds pragtige voorbeelde gesitêr. 'n Ander grondstem-
ming wat in 'n rykdom van variasies voorkom, is die verheer-
liking van Gods majesteit en grootheid.

Die Heer wat bo die wentelkringe
van son en maan sy rykstroon stig.

Hy:

wat groot is van vermoë,
wat woon in smettelose lig.

Hoe sien hy God in sy soewereine majesteit verhewe bo die
gewoel van die nietige mensdom:

Maar God die Heer wat sy gedugte stoel
bo sterre stig, sien van sy hoogtes neer;
Hy lag en spot dat hul so vrugtloos woel
en, magteloos, verniet hul krag verteer.

Dis die God wat hom openbaar in die dreuning van die
donder:

om jul uit te lei
het uit onweerskuil,
waar die dreunings skuil,
my bevel gedonder.

Met primitief-Oosterse siening sien die digter Hom waar Hy
as Skepper in sy goddelike welbehae sy spel dryf met die ge-
weld van die elemente:

Die watervloed met sy gewoel,
oor hoogste berge heengespoel,
het U, soos in 'n vegtersvlaag,
deur donder voor U heen gejaag,
die dal laat sak, die berg laat rys—
U vinger 't hul die plek gewys.

Magistraal is telkens die siening van die toorn-God wat hom
openbaar in die stryd van die ontketende natuurkragte. Dink
slegs aan Ps. 18, 29, 77, 97. Hoe dreun die donderslae deur
die verse van Ps. 29:

Dis sy stem wat, hooggedug,
rol en ratel deur die lug
as die onweerstorme woed
bo die donker watervloed;
en dit klink met groot vermoë
majesteitlik deur die boë;
alles beef en staan verwonder
as die God der ere donder.

Let op hoe die argaïsme „God der ere” meewerk tot die majestueuse gedragenheid. En dan kom as heerlike oplossing van hierdie dondermusik die triomfantlike :

Onweerstorms het uitgewoed.
God sit bo die watervloed;
soos die kleur'ge reenboogkrans
sweef daarbo sy vredeglans;
en die grote wêreldstigter,
Hy, die sterke onweersrigter,
Hy laat op sy erf benede
druppels daal van seën en vrede.

So volg ook in Ps. 77 na die felle geratel van Gods donderslae :

Donderwolke het hul water
uitgegiet, en fel geklater
het gedreun met swaar gerug
deur die vuurverligte lug,

die vredsamese idille :

Kudde skape en hul herder;
veil'ge hoede en altyd verder—
Moses met Aäron lei
Isr'el deur die woesteny.

Want ook in die van vrugbaarheid swellende natuur sien die digter God geopenbaar. Watter heerlike vreugde- en danksang het die slot van Ps. 65 geword :

Die stroom van God wat neergestrael het
deur volle hemelsluis;
die voor waarin die graan gedaal het,
waar nou die koring ruis;
die druppels wat die halm verkwik het;
die weekheid van die kluit—
dis alles soos die Heer beskik het,
Hy seën en—dit spruit!
U kroon die jaar met ryke vrugte—
wie kan u seën belet?
U wolkewa trek deur die lugte,
sy spore drup van vet.

Die veld vang nou die reëndruppel,
die weiding bly nie droog;
die heuwels in hul blydschap huppel
in groen gewaad omhoog.

Ons sien die kleinvee langs die hange
wat juigend veld-toe gaan;
ons hoor omlaag die windgesange
van hooggehalmdde graan;
omlaag die dale, omhoog die rante,
ja alles jubel weer;
dit sing en roem van alle kante
die goedheid van die Heer.

En so sou ons kan aanhou siteer, uit Ps. 19, 23, uit die jubel-
psalms waarmee hierdie heerlike Bybelboek, wat deur Luther
so treffend genoem is die hart van die Bybel, eindig. Veral
moet hier ook genoem word Ps. 8 met sy gedragenheid, sy
grootse beelding, die handhawing van die organiese eenheid
deur die herhaling van die eerste strofe aan die slot.

Daar is geen land so ver of woese geleë,
geen strand, o Heer, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid—
of orals blink u Naam en majesteit.

Wat 'n lieflike siening van die maan in sy stille prag:

As ek, o Heer, u nagtelike hemel
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
hoe, deur u toeberei, die skugter maan
met stille gang oor sterrevelde gaan—

Maar die ander grondtoon van die Psalms is die besef
van kleinheid en sondigheid, die lang aangehoue klaagtoon, die
innige, dringende smeekgebed:

Verhoor my, Heer, in donker dae,
God van my reg, send troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae,
Hoor my uit vrye welbehae.

Terloops vestig ek die aandag op die effektiewe slepende klaag-
rym. Hoe worstel die digter met God in Ps. 4, 7, 22, 28, 31, 38,
61, 67, 86, 88, 90.

Straf tog nie in ongenade
my misdade,
Heer, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie
en U wreek nie
op my sonde en sondeskuld.

Maar uit dié dieptes styg die smekeling op tot die versekerdheid van Gods genade sodat hy dikwels kan eindig in 'n juigtoon. In hierdie opsig is Ps. 88, met sy vertwyfeld-sombere slot, uniek:

U 't vriend en metgesel
verwyder ver van my;
bekendes—hul is almal weg,
en duisternis—naby!

Hierdie bange worsteling, die styg uit die duisternis tot die lig, die wese en die wonder van die Skrif en van die geloof, wat nêrens duidliker tot openbaring kom as in die boek van die Psalms nie, vind sy skoonste vertolking in Ps. 130, die lied wat deur die eeue heen dié tfoospsalm was in dae van verdrukking en vervolging en in sy Nederlandse beryming, „Uit diepten van ellenden,” deur ons voorouers aangehef is in die ure van benoudheid. Dit is dié perel in die Afrikaanse psalmboek. Ek wil dit in sy geheel siteer—dis my laaste sitaat!

Uit dieptes, gans verlore,
van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore
in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte
roep ek, o Here, hoor,
en laat my jammerklagte
tog opklim in u oor.

As U, o Heer, die sonde
na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde
voor U, o Heer, bestaan?

Maar nee, daar is vergewing
altyd by U gewees;
daarom word U met bewing
reg kinderlik gevrees.

Soos een wat op die mure
as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure
met sy gedagte tel—
só wag my siel, en sterker—
gedurig op die Heer,
tot Hy, die Ligbewerker,
die nag in daagraad keer.

Hoop, Israel, in jou klagte;
vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte,
sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede:
gans Israel word vry
van ongeregthede.
Heer, doen ook so aan my!

Let op die donker-warm toon van die eerste strofe, die steeds met feller aksent stygende angsgeroep daarin. Dan die diep besef van sonde en kleinheid wat uitgroeï tot ver-sekerdheid in die tweede strofe, die gespanne verwagting in die derde strofe en ten slotte die blye hoop van die laaste strofe wat eindig met 'n jubelsang, om uit te mond in die slot-reël, die kinderlike ootmoed van die bede: „Heer, doen ook so aan my!” —byna sprakeloos van ontroering oor dié heils-wonder wat hy uitgebeeld het, smee die digter dat ook hy dit mag deelagtig word. „Heer, doen ook so aan my!”—hier het ons die sleutel tot Totius se hele psalmberyming, wat 'n *geloofsdaad* is.

In die bostaande het ek getrag om 'n indruk te gee van die skoonheid van ons nuwe psalmboek. Ek kon slegs hier en daar wys op die dinge wat my besonder getref het, maar dit is slegs enkele grepe—daar is nog soveel meer!

Vanaf die vervanging van Nederlands deur Afrikaans as taal van die onderwys en van die Kerk, en tot op groot hoogte ook reeds vroeër, het van die Nederlandse psalmboek vir die groot gros van ons volk nie die skoonheidsontroering uitgegaan wat daarvan uit moes gegaan het nie. Die moeilikheid van 'n nie deurvoelde taal bestaan nou nie meer vir ons nie. Ek hoop en vertrou dat die predikante en onderwysers hulle roeping sal beseef om die oë van diegene wat aan hulle leiding toevertrou is, ook te open vir die skoonheidsgestalte waarin hierdie religieuse waarhede tans tot ons kom. Laat ons Jan Ligthart se wyse raadgewing volg om ons kinders die psalms te laat leer: selfs al begryp hulle die woorde nog nie tenvolle nie, later, in dae van geestelike stryd sal die diepere waarheid ineens vir hulle daaruit opstraal. Maar ons kan tog so veel meer doen om hulle ook in hulle jeug meer van die diepere betekenis te laat beseef — as ons hulle nie slegs meganies 'n verbandlose brokstukkies uit die hoof laat leer nie, maar eers die psalm in sy geheel met hulle lees,—léés, nie sonder die minste gevoel vir die ritme en die musiek uit spel of opdreun en verknoei nie. Laat die leerling eers kontak kry met die siel van die psalm, met die gevoelstroom wat deur die hele gedig as lewende organisme vloei. Dán sal die afsonderlike strofe wat hy moet leer, vir hom betekenis kry.

Ons kla so dikwels dat ons kuns so individualisties word, dat dit te min gemeenskapskuns is. In die Afrikaanse psalmboek het ons gemeenskapskuns in die edelste en suiwerste sin van die woord. Om die skoonheid daarvan te geniet is nie slegs luukse, die liefhebberij van 'n paar meer esteties aangelegde en gevormde mense nie — dis 'n voorreg wat ook 'n plig is. Wie sy roeping as opvoeder in hierdie opsig verwaarloos, sal moet verantwoord dat hy sy volk te kort gedoen het aan 'n essensiële lewensbehoefte.

Die Afrikaanse psalmboek sal 'n groot verryking vir ons godsdienstige lewe beteken, dit kan, dit móét ook word 'n magtige faktor om ons skoonheidsgevoel, daardie van God gegewe heerlike gawe, te voed en veredel.

**Die „Ou Goud“ van die
Afrikaanse Psalmboek**

DIE „OU GOUD“ VAN DIE AFRIKAANSE PSALM-BOEK.

In die „Voorwoord van die Berymer“ voor die Afrikaanse psalmboek skryf die digter: „Noodsaaklik moet vermeld word dat hierdie ritmiese bewerking van die Psalms nie geheel en al die vrug is van oorspronklike digarbeid nie. Dankbaar is gebruik gemaak, veral by die „bekende Psalms,” van die onder ons bekende en veelsins uitnemende Hollandse Psalmberyming. Dan het ook Marnix, Vondel, Camphuysen e.a. hulle kostelike bydrae gelewer vir sover verse of reëls aan hulle beryminge ontleen of deur hulle geïnspireer is. Van dit alles kan hier geen nadere rekenskap gegee word nie. Dit was my strewe om dié oue goud vir die Kerke van Suid-Afrika nie verlore te laat gaan nie.” In die proef vir 'n volgende oplag is die slot van die sin waarin Marnix e.a. genoem word, gewysig tot: „vir sover reëls, verse of selfs hele Psalms (soos 3, 38, 88, 119, 125) deur vertaling of vrye aanwending aan hulle beryminge ontleen of deur hulle geïnspireer is.”

In voorlopige uitgawes van 'n aantal van sy psalms, soos in „36 Psalme in Afrikaans” (1922), het Totius gereeld ontlenings erken.

In 'n radiotoespraak het die digter by wyse van saamvatting van wat hy by ander geleenthede gesê het, nadere verantwoording gedoen. Met sy toestemming maak ek gebruik van hierdie toespraak en siteer heelwat daaruit.

Terwyl ek nou oor die Psalmberyming skryf, sal ek maar van die geleentheid gebruik maak om kortliks verslag te doen van enkele ander mededeling in gemelde toespraak, al staan dit nie in direkte verband met die onderwerp van hierdie opstel nie—dis m.i. waardevolle gegewens wat nie verlore mag gaan nie.

Dit gaan oor die „interne wordingsgeskiedenis“ van die werk. Ek stel die digter self aan die woord:

„Veel van die werk het nie die eerste lig in die studeerkamer gesien nie; en ander gedeeltes is wel in die studeerkamer opgeskrywe, maar is tog elders gekonsipieer Sover ek my herinner is Psalm 33 berym terwyl ek in 'n tentjie naby Vaalrivier gestaan het. Voorhande was alleen 'n Hollandse Bybeltjie en 'n Psalmboek. Ek moes op my skoot sit en skrywe, terwyl die sand nou en dan oor die papier gewarrel het. Psalm 148 weer is in ritmiese vorm gegiet terwyl ek gekuier het by 'n vriend in die distrik Frankfort. In die voorkamer op die rusbank, alweer net gewapend met 'n Hollandse Bybeltjie en 'n Psalmboek, het ek die rustige omgewing gevind om die werk te doen. Ek meen dat slegs enkele reëls later, aan die hand van ander berymings, verander is. Die beryming van Psalm 91 het plaasgevind terwyl my ou vriend Dr. H. C. M. Fourie en ek op die plaas van smôrens tot saans druk besig was met die nasien van ons vertaalwerk. Om van die moeilikhede van die Ou-Testamentiese vertaalwerk, wat ons gedurende die dag so vasgevat het, vry te kom, het ek saans na die slaapkamer in my geheue enkele verse van die leespsalm meegeneem. Langsamerhand het, by die bepeinsing op die rusbed, die vers of verse ritmiese gestalte gekry. Hierdie prosedure het meteens rusaanbrengend gewerk. Ek het amper gaan glo wat my vader my dikwels as lewensreël voorgehou het, naamlik: Rus is verandering van werk!

In die bo-aangeduide sin kan baie verse in ons Psalmboek nagwerk genoem word; d.w.s. hulle het in die donker gegroei op die rusbed en is meestal later eers in die studeerkamer opgeskrywe. Nog 'n aantal verse, ook nie gering in getal nie, kan veldwerk genoem word vir sover hulle gestalte gekry het terwyl ek in die veld rondgewandel het, veral gedurende die nege maande dat aan my verlof toegestaan is om die beryminge te voltooi. Dié hele tyd het ek op Krugerskraal, 'n plasië naby Potchefstroom, deurgebring. Sommige doringbome of plekke op die rantjies herinner my nou nog aan die verse wat daar ontstaan het."

Dan beskryf die digter die eenvoudige, skraal gemeubileerde kliphuis wat sy „studeerkamer" was.

„Weens die smart wat ons toe daar op die plaas oorval het, het ek net Psalm 100, een van die kortstes, klaar gekry.

Ek het met 'n korte begin omdat ek toe nog net daarvoor kans gesien het. Bowendien was dit een met 'n maklike rymskema.

Later is die klipgeboutjie bietjie vergroot. Daar het ek my intrek geneem gedurende die laaste skof. Die heerlike stilte wat ek daar geniet het gedurende die laaste nege maande wat aan die berymingswerk bestee is, die heugenis daarvan sal in my gemoed altyd wegsmelt soos 'n sagte salf. Ek voel nog altyd dankbaar teenoor die Kuratore van die Teologiese Skool wat my in staat gestel het om in dié klipgeboutjie nie alleen te werk nie maar ook te rus en te geniet.

Opmerklik is dit my nog altyd dat ek daar begin het en daar geëindig het; dat ek daar 'n aanvang gemaak het met een van die kortste Psalms en daar opgehou het met die langste van almal, wat ek vir die laaste gebêre het, nl. Psalm 119.

As slotsom kan vasgestel word dat goed twee-derde van die Psalmberyming in sy bewerking geen gereelde verloop gehad het nie. Onderbrekinge het gedurig voorgekom. Soms tyds het die werk vir maande stilgestaan. Ook die ure wat daaraan bestee is, was geen bestendige werktyd nie. Dringende ampbesighede het dikwels geen ander keuse oorgelaat nie as om los te woeker wat nie vanself los wou kom nie."

Vervolgens wys Totius op die heel besondere stylmoeilikhede wat aan hierdie werk verbonde was. En hy sluit af met te sê: „Wat ek alleen in verband hiermee wou sê, is dat vir so'n hoogstaande, deur al die Psalms heen volgehoue kunsbewerking, buitengewone kunsvaardigheid en buitengewoon veel rustige tyd nodig is. Wie oor dié grondvereistes nie in dié buitengewone mate beskik nie, moet tevrede wees met wat hy onder omstandighede *kan* lewer."

Ek dink dat my lesers dit met my eens sal wees dat hierdie opmerkinge, wat in hulle trouhartigheid en eenvoud, ook deur die gemoedelike, suiwere prosa, laat dink aan Vondel se „be-rechten," 'n literêre dokument van betekenis is.

Maar nou die eintlike onderwerp van hierdie opstel—die „ou goud!" Daaroor sê die digter die volgende:

„Dit wat die berymer self betref. Maar daar is dan nog dié middel dat hy die hulp van ander kunstenaars kan inroep en profiteer van wat hulle tot stand gebring het. Dit gaan by die Psalmberyming tog nie om die eer van die individuele digter

nie, maar om die stigting van die gemeente en die eer van God. Vandaar dat ek by die ritmiese vertolking van die Psalmboek dikwels ander kragte te hulp geroep het."

En dan gee hy „nadere rekenskap" van die metode wat in hierdie opsig gevolg is. „Volledige rekenskap is alleen moontlik as 'n mens 'n opsetlike verhandeling oor die onderwerp skrywe, waaraan 'n noukeurige ondersoek voorafgegaan het. Daarsonder is dit ook vir my onmoontlik om presies of by benadering vas te stel hoeveel aan ander digters direk of indirek ontleen is en hoeveel oorspronklike werk is—as 'n mens ten minste van „oorspronklik" kan spreek by werk wat die gedagtes van ánder, heilige digters net maar artistiek moet vertolk."

Daarop wys Totius self op 'n aantal sprekende voorbeelde van ontleding, veral aan Camphuysen, om dan as volg te eindig: „Meer wil ek nie aanhaal nie. Die leser sal bemark dat ek vryelik gebruik gemaak het van alles wat goed en mooi gesê was deur ander. Waarom sou ek probeer verbeter as ek reëls of verse gevind het wat inderdaad onberispelik is en met klein veranderinge in Afrikaans oorgeneem kan word? Bowendien het ek gevoel dat eers op dié manier die rykheid en rypheid bereik word wat ons almal begeer by die vertolking van so'n ontsaglike volheid en menigvuldigheid as wat in die Psalmboek, die kunstgewroeg van die Heilige Gees van God, gevind word. So werk almal saam, ook hulle wat nog spreek nadat hulle gesterf het, tot glorie van God."

Soos reeds in my voorgaande opstel beklemtoon, gaan Totius volkome selfstandig tot die Psalms, sowel in die oorspronklike Hebreeus as in die Afrikaanse vertaling, wat sy werk is. Vandat die saak van 'n Afrikaanse Psalmboek ter sprake gekom het, is die hoop gekoester en ook openlik uitgespreek deur geleerd en ongeleerd dat dit so na moontlik aan die in ons volksiel so diep ingewortelde Nederlandse beryming sou staan. Volkome begryplik. En dit sal seker aanvanklik vir vele 'n teleurstelling gewees het dat Totius hier nie méer na gestrewe het nie. Tog kan ons hom nie dankbaar genoeg wees nie dat hy hierin die drang van sy eie digterskap gevolg het, selfs in die baie gevalle waar die Nederlandse vertolking so hoog staan. By al die moeilikhede wat hy moes oorwin, al die

beperinge wat sy taak hom opgelê het, was dit gebiedend noodsaaklik dat tussen die Hebreuse psalms, waarin hy hom so diep ingeleef het, en sy herskeppende vertolking daarvan nie nog die verpligte navolging van ander digters se bewerking as belemmering van die onmisbare kunstenaarsvryheid sou staan nie. En daarom het hy met kunstenaarsintuïsie sy eie gang gegaan en in die plek van die so geliefde:

Zalig hij, die in dit leven,
Jakobs God ter hulpe heeft;
Hij, die door den nood gedreven,
Zich tot Hem om troost begeeft;
Die zijn hoop in 't hach'lijkst lot,
Vestigt op den Heer, zijn God,

selfstandig sy skone verse gegee wat in die siel van die nageslag seker net so diep sal inwortel:

Salig hy wat in die lewe,
sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe,
vlug tot God, sy Toeverlaat;
en ook in die swartste nag
op die Here[^]alleen bly wag.

Hierdie handhawing van sy vryheid spruit nie voort uit individualisme, uit jag op oorspronklikheid nie, dit is die *sine qua non* van alle kunsskepping, wat altyd individueel is.

Waar Totius geweier het, moés weier, om 'n ander beryming slaafs na te volg, het hy egter *vrywillig en uit innerlike drang* 'n ruim gebruik gemaak van die werk van ander. Dit kon, dit moés hy doen kragtens die gees waarin hy hierdie taak onderneem het—die enigste gees waarin dit tot geslaagde uitvoering gebring kon word. Sy ritmiese vertolking van die psalms het nie ontstaan uit die drang tot persoonlike kunsprestasie nie. Daardie selfontlediging waarop ek in my vorige opstel so die nadruk gelê het, het hy in ruime mate en met groot sukses beoefen. Hierdie aanwending van sy digterstant was immers 'n geloofsdaad, diens van God. En daarom kon hy sonder dat 'n oorwinning op individualistiese digterstrots no-

dig was, gul en trouhartig gebruik maak van die skone wat ander gelowiges gelewer het in diens van dieselfde strewe. Waar ander digters die ewige waarhede en die ontroering wat hulle in goddelik geïnspireerde sangers opgewek het, so heerlik vertolk het, skroom hy nie om dankbaar daarvan oor te neem nie. En waar hy worstel om sy ontroering die stugge taalmateriaal te laat deurgloei, aanvaar hy dankbaar die middele wat hulle aangewend het. „Drie dinge is nodig om 'n goeie boek te skrywe: talent, kuns en tegniek, dit wil sê: die natuur, natuurlike aanleg, ywer en oefening,” het Joubert gesê. Wat 'n mens se standpunt ook mag wees insake die ou strydpunt oor die verhouding tussen besieling en tegniek, sal dit tog wel vir elkeen duidelik wees dat in hierdie heel besondere kuns van psalmberyming die faktore wat Joubert bedoel met „métier, habitude” 'n veel groter rol sal speel as in vrye liriek. En dat hierin die berymer dus veel kan leer van voorgangers. Waar dit hier op aan kom, is dat die digter dit vrywillig gedoen het en dat hy nie handel uit gemaksug of oneerlike sug om te praal met ander mans vere nie—die bewys daarvoor is die resultaat, dat sy verse nie vervaal of vervlak, dat die gevoelstroom nie onderbreek word nie. Intendeel, sommige van hierdie deur ander digters geïnspireerde reëls of hele strofes, wat dikwels selfs getroue vertalings is, behoort tot sy mooiste gedeeltes en beantwoord tenvolle aan die eis wat die keurders van die Nederlandse psalmboek gestel het toe hulle daarop getel het „welke (berijminge) de verbeeldingskracht en het hart sterkst aandoe.”

Dis nie my bedoeling in hierdie opstel om 'n uitvoerige verslag te gee van hoeveel en waaraan Totius ontleen het nie. Dit sou 'n baie uitgebreide en intensiewe studie vereis. Ek wil slegs 'n paar indrukke gee van hoe hy ontleen het—die digter self kon ons in sy radiopraatjie slegs mededelings doen van sy werkwyse en bronne, wat hy in gesprekke met my nog verder aangevul het, maar die beoordeling van die karakter en resultaat moes hy aan ons oorlaat.

Die eerste bron waaruit hy geput het, is vanselfsprekend die Nederlandse beryming. Dié is so bekend by ons, dat elkeen vir homself onwillekeurig gedurig die vergelyking sal maak. Ek hoef hier dus nie breedvoerig by stil te staan nie.

Hoewel die digter die dwang van slaafse navolging verwerp het en ook nie slaafs nagevolg hét nie, het hy tog veel van die beproefde skoonheid, wat so deel geword het van ons geestesbesit, behou. Maar let op hoé hy dit aangewend het, hoe dit ook deel geword het van sy siel sodat dit opgelos is in die gevoelstroom van sy psalm. Daardeur word ons telkens verras deur die ou skatte wat in hulle nuwe omlysting glans met verjongde skoonheid, weer hewiger ontroer met die ou vertroude ontroering. En let dan veral ook op hoe die afwykinge nie slegs 'n handhawing is van die Afrikaanse taaleie nie, maar veral voortvloei uit eie siening en lewende gevoel. Die voorbeelde lê só voor die grype dat dit moeilik is om 'n keuse te doen. Laat ek strofe 7-8 van Psalm 68 lê naas die ooreenkomstige str. 8-9 van die Nederlandse beryming. Ek kies hulle ook omdat die Hollandse verse so bekend en geliefd is.

Laat Basans hemelhoë rots
 hom ophef in sy yd'le trots
 met al sy bulte en berge;
 wat spring jul, berge, rug aan rug,
 geweldig in die hoë lug
 om Sions kruin te terge?
 God self het hierdie berg begeer,
 om daar in lig, in glans en eer,
 volmaakter, skoner, witter
 as sonneglans en sonneskoon
 vir ewig by sy volk te woon
 en voor hul oog te skitter.

Elkeen voel dadelik hoeveel beeldender, konkreter hierdie hele strofe is as die Nederlandse. Let op die klankplastiese uitbeelding van die trotse uitdagendheid in die rymwoorde „rots” en „trots”; dit word voortgesit in die konkrete „met al sy bulte en berge”; hoe fel staan die Oosterse natuurskouspel voor ons in die berge wat, rug aan rug, geweldig *spring in die hoë lug*. En dan die intensiteit, die skittering van wit lig in die tweede helfte van die strofe wat tot so'n klimaks styg in die gloed van adjektiewe en selfstandige naamwoorde. Voorwaar, Totius se afwykinge van die Nederlandse psalm het dit juis sy heerlike skoonheid gegee. Vergelyk slegs die tog ook mooie

maar na Totius se verse noodwendig mat klinkende Hollandse psalm :

Dat Basans hemelhooge berg
Met al zijn heuv'len Zion terg'
En wane t'overtreffen;
Wat springt gij, bergen, trotsch omhoog?
Wat wilt g'u, in der volk'ren oog,
Bij Zions berg verheffen?
God zelf heeft dezen berg begeerd
Ter woning, om, aldaar geëerd,
Zijn heerlijkheid te toonen;
De Heer, die hem verkozen heeft,
Die trouwe houdt en eeuwig leeft,
Zal hier ook eeuwig wonen.

Veel nader aan die Nederlandse psalm staan die agste strofe: tog gee dit nêrens die indruk van moeisame vertaling nie. Intendeel, dis spontane poësie. Ek kursiveer enkele reëls waarop ek veral die aandag wil vestig :

Gods eng'lemagte bo die swerk
het, tien- en tienmaal duisend sterk,
slagvaardig uitgesewe;
by hulle is sy majesteit
'n Sinaï in heiligheid,
deur bliksemlik omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer;
die kerker was u buit, o Heer,
en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind;
selfs wie opstandig is, dié vind
by U, o Heer, 'n woning.

Plaas hiernaas die Nederlands :

Gods wagens, boven 't luchtig zwerf,
Zijn tien- en tienmaal duisend sterk,
verdubbeld in getalen.
Bij hen is Zijne majesteit,
Een Sinaï in heiligheid,
Omringd van bliksemstralen.

Gij voert ten hemel op, vol eer;
De kerker werd Uw buit, o Heer;
Gij zaagt Uw strijd bekronen
Met gaven, tot der menschen troost:
Opdat zelfs 't wederhoorig kroost
Altijd bij U zou wonen.

Die derde reël, „slagvaardig uitgesewewé” is 'n mooi plastiese trek teenoor die weinigseggende „verdubbeld in getalen.” Die letterlik oorgenome, weinig tekenende „die kerker was u buit” sou ons by Totius nie verwag nie — waarom nie die konkrete „gevangene(s)” van die Bybelsalm nie? Die twee slot-reëls is weer frisse eie vinding.

So sou ek nog tal van voorbeelde kan aanhaal waar Totius se navolging of vertaling sowel as sy afwyking van die Nederlandse psalm sy digterskap openbaar. Laat ek volstaan met slegs nog een voorbeeld te siteer. Psalm 98 vs. 8—9 lui as volg:

Laat die riviere in die hande klap, die berge te saam jubel voor die aangesig van die Here; want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld rig in geregtigheid en die volke met reg.

Die Nederlandse beryming lui:

Laat al de stroomen vroolijk zingen,
De handen klappen naar omhoog;
't Gebergte, vol van vreugde, springen
En hupp'len voor des Heeren oog:
Hij komt, Hij komt, om d'aard' te richten,
De wereld in gerechtigheid;
Al 't volk, daar 't wreed geweld moet zwichten,
Wordt in rechtmatigheid geleid.

Totius:

Laat al die strome nou die hande
in jubel saamklap *van omlaag*;
laat die gebergtes *langs hul wande*
die juigtoon altyd *verder draag*.

Hy kom, die Regter van die volke,
omstraal deur reg en majesteit;
Hy span sy vierskaar in die wolke
en oordeel in regmatigheid.

Let op hoe Totius in die eerste vier reëls 'n konkrete eenheidsbeeld gee: die geskal van die strome wat deur die hoë bergwande weerkaats word.

Naas die Nederlandse beryming het Totius gebruik gemaak van die ritmiese bewerkinge van Marnix, Vondel, Revius en veral van Camphuysen. Werk van hierdie digters het hy leer ken in G. van Erling se *De Psalmen. Gekozen en bewerkt uit vele Dichters*. Amsterdam, z.j. Die samesteller het gekies uit die beste Nederlandse beryminge—baie psalms het hy saamgestel uit die werk van verskillende digters, sonder dat hy die aandeel van elke digter presies aangee. Daarby kom nog dat hy self wysiginge aangebring het: „Indien ik matte of gebrekkelijke plaatsen in ene vertaling ontmoette, welke ik nochtans de voorkeur boven andere vertalingen geven moest, heb ik gepoogd die te verbeteren, waartoe mij veelal de hulp van andere dichters ten dienste stond.” Sodat dit 'n hele uitsoekery sou afgee om te bepaal aan watter digter bepaalde strofes of verse toegeskryf moet word! Naas hierdie bundel het Totius gebruik Marnix se „*Psalmen Davids, in Nederlandschen Dichte gestelt* (’s Gravenhage, 1871) en Camphuysen se *Rijmdichtsche Uyt-breydinge over den Psalter Davids. Na de Fransche dicht-mate van C. Marot en T. Beze* in 'n ou uitgawe met musiek waarvan die titelblad verlore geraak het. Vondel en Revius het Totius gebruik alleen in sover hulle in Van Elring se bundel voorkom.

Laat ons nou enkele psalms nagaan om 'n indruk te kry van die wyse waarop Totius van die werk van sy voorgangers profyt getrek het.

Psalm 3 vertoon invloed van Vondel se beryming. Oor die algemeen het Totius weinig gebruik gemaak van hierdie digter se verwerkings, wat nie so besonder geslaag is nie en selde aanpas by die kerklike melodieë. Hy het nie eens 'n uitgawe van Vondel se „*Harpzangen Davids*” gebruik nie. Die duidelikste is die invloed te bespeur in die tweede strofe:

Vondel:

Maar gij beschut me, o Heer! en stuit
Die hoop, en voert den oorlog uit,
Als gij belooft,
En heft mijn hoofd,
Ten trots van 't muitende gerucht,
Met vollen zegen in de lucht.

Totius:

Maar U sal hulle stuit;
U voer die oorlog uit,
My God, my skild, my ere!
U hef trots hul gerug,
My hoof weer in die lug,
Want U verhoor my, Here!

Dit was vir my 'n interessante ontdekking om die herkoms van die uitdrukking „die oorlog uitvoer,” wat my van die begin af vreemd aangedoen het, hier by Vondel te vind. Maar die insiggewende reëls wat ons iets laat sien van die geheimsinnige werking van die ware digterstalent, is die slotverse. Die in Vondel se verse in knopvorm aanwesige en deur homself ingevoerde beeld:

Verwacht geen heil dan uit de wolk
Van God, den Zegenaar van 't volk,

het by die Afrikaanse digter ontbloeit tot die mooie:

Stort op u erf 'n seen
soos druppels uit die wolke.

Die eerste twee strofes van Ps. 13 is direk oorgeneem van Camphuysen, maar watter sieleverwantskap, watter eenderse sieletoestand is daar nie nodig nie om die ontroering so suiwer te kan bewaar in sy vertaling! Vergelyk slegs:

Camphuysen:

Hoe lang ben ik van hulpe bloot,
Mijn God, in uw gedachten dood?
Hoe lang, bedompt in duisternissen,
Moet ik uws aanschijns klaarheid missen
En ongetroost zijn in mijn nood?

Totius :

Hoe lank is ek van hulp ontbloot,
My God, in u gedagtes dood?
Hoe lank sal ek in donkerhede
Geen antwoord hoor op my gebede,
En ongetroos wees in die nood?

In die tweede strofe neem Totius die in die Bybelsalm nie voorkomende beeld van Camphuysen oor :

Camphuysen :

Hoe lang zal banger zorg en smart
Haar leger houden om mijn hart?

Totius :

Hoelank, o Heer, sal sorg en smart
hul laer opslaan om my hart?

Die derde strofe is by Camphuysen wel mooi, veral die laaste drie reëls, maar tog wel bietjie literêr. Totius wend hom hier tot Marnix. Watter interessante vergelyking bied die verskillende verwerkinge :

Bybel : Aanskou tog, verhoor my, Here, my God! Verlig my oë, sodat ek in die dood nie inslaap nie.

Camphuysen :

O! dat uw oog mij open ga!
O! dat uw oor mij gunstig sta!
Bezon mijn oogen met u luister,
Opdat mij 't eeuwig duister
Met zijne schaduw niet besla.

Marnix :

O Heer, mijn God, zie mij eens aan :
Wil mijn gebeden gade slaan :
Verlichte mijne duister oogen :
End wil doch nimmermeer gedoogen
Datz' in den doodslaap t'ondergaan .

Totius :

O Heer, my God, sien my tog aan,
wil my ellende gade slaan;
verlig die donker van my oë,
en wil tog nimmermeer gedoë
dat ek in doodslaap ondergaan.

Die vierde strofe is Totius se selfstandige werk. Opmerklik is dat ons dieselfde toon by Vondel kry as in Totius se pragtige uitbeelding van die Godsvyand se laatdunkende triomfspot (invloed is hier nie):

Totius :

Laat hul nie roem op meerd're kragte,
of smalend sê in hul gedagte:
„Ons het oorwin, daar struikel hy!”

Vondel :

Dat niet mijn vijand triomfeere,
En stoffe: *ik won 't hem af: hij zicht.*

By altwee die uitstekende aanwending van die ruige dialoog om die primêre haat te openbaar.

In die vyfde strofe het Totius die wending „my hoop bly op u goedheid staan” aan Marnix ontleen.

Psalm 19, die heerlike loflied wat deur die eeue heen in vele tale weerklink het, het ook in Afrikaans 'n skone vertolking gevind. Die invloed van die Nederlandse beryming sal iedereen hier dadelik opval—nog sterker egter hoe Totius gedurig in pragtige reëls sy selfstandige digterskap openbaar. Dit sou moeilik wees om 'n strofe te vind waaruit duideliker en mooier blyk Totius se begeerte om die ou skoonheid te bewaar, sy gereedheid om die hulp van vroeëre digters in te roep, en tegeelykertyd sy eie herskeppende vermoë en digterlike siening, as hierdie eerste strofe van Ps. 19. Vergelyk slegs:

Ned. Beryming :

Het ruime hemelrond
Vertelt, met blijden mond,
Gods eer en heerlijkheid;
De held're lucht en 't zwerk

Verkondigen zijn werk,
En prijzen Zijn beleid.
Dus kan ons dag bij dag,
Tot roem van Gods gezag,
Zijn wonderen verhalen;
Dus weet ons nacht bij nacht
Zijn onbegrensde macht
En wijsheid af te malen.

Totius :

Die hoë hemelrond
vertel met blye mond
Gods heerlijkheid en eer,
en, wonderbaar deurglans,
vermeld die wye trans
die werke van die Heer.
Die dag roep orals luid
en duisendstemmig uit
dië loffelike sprake;
die nag se stille stap
meld kunde en wetenskap
deur al sy donker wake.

Ek glo nie dat ek van chauvinisme beskuldig sal word nie as ek sê dat ek persoonlik die voorkeur gee aan Totius se strofe om sy frissere beelding. Die Afrikaanse digter het hier egter ook gebruik gemaak van Camphuysen. Iedereen sal in die bostaande wel dadelik die volgende reëls herken :

Des hemels vast gesticht
Verkondigt *overluid*
En roept veelstemmig uit
Zijns wijzen meesters eere.

Camphuysen se wydlopiegheid kom in hierdie psalm besonder sterk uit, veral teenoor Totius se direkte en beheerste weergawe van die Bybelsalm. Die hele tweede strofe van Camphuysen is gewy aan 'n deur hom self ingevoerde gedagte : die wisseling van dag en nag. Die derde strofe keer dan weer terug tot die Bybelteks—hierin kom weer verse voor waarvan Totius gebruik gemaak het, maar hoe overtref die Afrikaanse digter hom in die verse van sy eie skepping!

Dees stemme zonder stem
Heeft doorgaans kracht en klem,
Is nergens ongehoord.
Geen volk hoe onbegaafd,
Geen oor hoe onbeschaafd,
Of 't vaat dit stomme woord.
Geen mens, of hij kan stof
Tot zijnes Scheppers lof
Uit dit Zijn werkstuk scheppen,
Zoo hij van Godlijkheid
Door duisterlijk bescheid
Ooit iet heeft hooren reppen.

Totius:

Hoe goddelik en skoon
en wonderbaar dié toon
wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf,
geen oor so onbeskaaf
wat nie dié taal verstaan.
Die prag van hemellyn
wat deur die wydtes skyn,
spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor
dié skeppingstaal nie hoor—
tot roem van God almagtig.

Ek weet dat ek my, noodgedwonge, reeds besondig aan baie aanhalinge. Tog gaan ek die volgende strofe by die twee digters siteer. Wat 'n verskeidenheid van digterpersoonlikheid en digtergawe het ook die drang tot psalmberyming tot openbaring gebring! As ons luister na hierdie verse is dit of ons twee liriese tenore hoor, sterk verskillend van kleur en modulatie, wat die heerlikheid van Gods skepping bejubel:

Camphuysen:

Wat oog verwondert niet,
Wanneer het flonk'ren ziet
De heugelijke zon,
Die God, ver boven 't vuur
In 's hemels schoon azuur
Weleer haar plaats vergon:

Die in den dageraad,
Als zij in 't Oost opgaat,
Door haars gestraals sieraden,
Een bruidegom gelijkt
Die uit zijn kamer strijkt
in glansenden gewaden.

Totius :

Hy 't in die wonderbou
van eewge hemelblou
die son se tent gestig.
Dié's soos 'n bruidegom
wat uit sy slaaptent kom
met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held
blymoedig in die veld
van hoë hemeltranse,
en het sy swaai en spoor
die ganse wêreld oor
wat blink van gloed en glanse.

Maar Camphuysen borduur dan nog twee strofes hierop voort. Sy wydlopiegheid in hierdie psalm blyk wel uit die feit dat hy dit uitbrei tot dertien strofes terwyl Totius en die ander met sewe volstaan. Totius het ook aan Marnix ontleen. Str. 4 begin by Marnix :

Doch godes leer en wet
Is rein en onbesmet.

Dit het Totius die aanslag gegee vir sy strofe :

Die Heer se heil'ge wet
is rein en onbesmet.

Ook in die sesde strofe het hy oorgeneem :

Marnix :

Maar wie kan recht verstaan,
End grondlijk overslaan (=oordink, opsom)
Zijn feilen en gebreken?
Heer reinige mij doch
Van zonden, die mij noch
Int hertverborgten steken.

Totius :

Wie kan van voor af aan
sy dwalinge verstaan
en al wat hom ontbreek het?
Heer, reinig U my tog
van sondes wat daar nog
diep in my hart bly steek het.

As ons ooit bly kan wees oor die bevrugte invloed van Camphuysen, dan is dit seker in die geval van Psalm 23. Hierdie heerlike lied het, met sy skone nuwe melodie van Jannasch, reeds een van die geliefdste psalms geword. Die sag stralende idille wat voor ons opgetower word in die breed uitgewerkte pastorale beeld en die rustig golwende welluidende verse—dit alles het Totius in bekoorlike Afrikaans herskep. Dog laat ek maar weer siteer :

Camphuysen :

Als een Herder zijne schapen in een groen landouwe weidt,
En, om hunnen dorst te laven, naar de versche beken leidt;
Zoo is de Heer mijn Hoeder. En omdat de Heer mij hoedt,
Zal voor 't lijf noch spijs ontbreken, noch verkwikking
voor 't gemoed.

Toen ik, als een dolend schaapjen, afgegaan van 't rechte
pad,

Ongewisse gangen dede en verkeerde wegen trad,
Bracht Hij, als een trouwe Herder, bracht Hij mijne
voeten weer

Op des levens rechte straten, om zijns naams hoogwaarde
eer.

Of ik schoon (gelijk een kudde die in doodsgevaren staat,
En somwijlen langs de heide tot een prooi der wolven
gaat.)

Wandlen moest op zulke wegen daar men eind noch uit-
komst ziet,

En geen mensch in 't nare donker zich tot leidsman aan
ons biedt :

Ja, in zulke nooden raakte daar de dood voor oogen stond,

En de ziel bij geene menschen hoop' van troost noch hulpe
vond.
Noch en zoud' ik niet vertsagen, nu gij helpt en bij mij
zijt,
Als een Herder die zijn schapen trouwlijk met zijn staf
beveijdt.

Totius :

Netsoos 'n herder uittrek met sy skape
en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters—
so is die Heer, so het Hy ook aan my gedoen :
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede
in vaste spoor van sy geregtighede.

En ek is soos 'n skaap in doodsgevare,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker,
van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan—
dan nog ken ek geen doodsrees of verskrikking,
omdat u staf my troos is en verkwikking.

Let op hoe Totius met 'n heelwat korter versreël klaar kom
as Camphuysen en hoe sy ritme veel vaster is. Mooi is die af-
wisseling van vyf- en sesvoetige verse.

Die eerste strofe van Ps. 38 is ontleen aan Marnix :

Marnix :

Straf toch niet in ongenaden
Mijn misdaden,
Heer, maar heb met mij geduld;
Wil U niet in toorn ontsteken,
En U wreken
Op mijn zond' en zware schuld.

Totius :

Straf tog nie in ongenade
My misdade,
Heer, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie
en U wreek nie
op my sonde en sondeskuld.

En vir die laaste strofe het Marnix hom weer die aanslag gegee:

Maar wil du mij in mijn leven
Niet begeven.
Wil my, Heer, in hierdie lewe
nie begewe.

En so sou ek nog op so baie voorbeelde kan wys, veral van invloed van Camphuysen, wat deur Totius gedurig geraadpleeg is. Ek noem bv. Ps. 88—maar hoever oortref die Afrikaanse slotvers, met sy suggestie van namelose vereenssaamdheid, die verse van Camphuysen:

Om zulke mijn ellenden en al te grooten nood
Bevind ik mij verlaten, van alle vrienden bloot.

U 't vriend en metgesel
verwyder ver van my;
bekendes—hul is almal weg,
en duisternis—naby!

Of Ps. 41, Ps. 72, Ps. 102, 120, 145. By 'n paar wil ek nog kortliks stilstaan. Een van die mooiste strofes van Ps. 130, daardie pērel van ons psalmboek, is geïnspireer deur Camphuysen. Totius het hier gebruik gemaak van die Nederlandse digter se uitdrukkingsmiddele om die turend-gespanne verwagting uit te beeld—hy het dit nog versterk, en die ontspanning, die styging daarna in die tweede helfte van die strofe is by hom veel sterker:

Als een die op de muren,
Ter vroegwacht uitgesteld,
Verlangt, en steeds de uren
Met zijn gedachten telt,
En heeft het oog gedurig
Na 't dag-herbrengend Oost:
Zoo wacht mijn ziel, nu treurig,
Op Goddelijken troost.

Totius:

Soos een wat op die mure
as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure
met sy gedagte tel—
só wag my siel, en sterker—
gedurig op die Heer,
tot Hy, die Ligbewerker,
die nag in daagraad keer.

Vir die uitstekend geslaagde bewerking van Ps. 119, waarby die melodie van die beryming van die Twaalf Artikels so pragtig pas, het Totius gedurig besieling geput uit Camphuysen. Die teks wat Van Elring daarvan gee, is, nes in die geval van Ps. 23, nie die veel minder gelukkige beryming wat voorkom in Camphuysen se Psalmboek nie, maar kom voor in sy *Stichtelijke Rijmen* (in my uitgawe, met musiek telkens vir die eerste strofe, waarin ook die psalmboek agterin opgeneem is, die 19de druk, Amsterdam, 1682, op bl. 257 onder die titel: „Den Yver tot Gods Wet. Poëtische uytbreidinge over den 119 Psalm.” Dit bestaan uit 44 strofes waarvan die reëls twee maal so lank is as die van Totius).

Byna die hele Afrikaanse psalm is 'n diep ontroerde verwerking van die van Camphuysen. Watter gebruik Totius van hierdie hulp gemaak het, sodat hy sy voorbeeld dikwels oortref, blyk o.a. uit die volgende:

Camphuysen (33):

Uwe wet, daar Gij den menschen uwe wenschen door
betuigt

En den wil van vrome menschen tot uwen wille buigt,
Die is wonder! meer dan wonder, als men zijnen grond
doorgrondt:

Hierom is het, dat mijn ziel die al haar trouwe liefde gont.

Als uw woord, dat vast en klaar is, openbaar wordt, is 't
een vreugd;

En een licht voor simple oogen om te pogen naar de deugd.
Hoe mijn mond snakt naar uw woorden! met zulk een lust
en trek

Als ik 's levens lieven adèm uit de lucht te mijwaart trek.

Na die pragtige verse (46, 2de helfte):

Maar vir my is U gebooie
reiner, fyner duisendvoud,
meer gelouter en gekeurmerk
as die allerfynste goud,

laat Totius volg (47, 2de helfte; 48, 1ste helfte):

Heer, u wet is my 'n wonder
as 'k sy diepte wil deurgrond;
gaan dit oop, dan skiet dit glanse
skoner as die môrestond.

Dis 'n lig wat klare kennis
aan eenvoudiges ontdek;
dis die asem van die lewe
wat ek diep na binne trek.

Tenslotte nog een sitaat. Dis die laaste strofe, wat nou reeds so'n mooi plek inneem in ons erediens, soos trouens die hele psalm én wat die woorde én wat die melodie betref al net so geliefd is as die ou Nederlandse. Met watter roerende eenvoud, met watter waaragtigheid, watter innige geloof het Totius hier die vrome Nederlandse digter van die sewentiende eeu nagebid:

Camphuysen:

'k Ben als een verloren schaaipjen, van den rechten weg
gedwaald;

U, mijn Heer en Herder, bid ik, dat Gij 't zoekt en weder
haalt;

Zoek en wederhaal uw dienaar, die, in al zijn harteleed
En al 's werelds tegenheden, uwe wetten niet vergeet.

Totius:

Heer, ek is 'n skaap verlore,
in die wildernis verdwaal.

U. my Heer en Herder, bid ek
dat U my tog wil kom haal.

Soek my, bring my weer, u dienaar
wat in al sy harteleed,
en in al sy teënhede,
u gebooie nie vergeet.

Volgens die aangehaalde mededeling van die digter is Ps. 119 die laaste psalm wat hy bewerk het. Voorwaar, 'n waardige slotakkoord.

Ek het in hierdie opstel slegs 'n aantal insiggewende voorbeelde behandel. Ek sou nog baie meer kan aanhaal. Ek sou ook nog kan wys op gevalle waar Totius slegs 'n enkele beeld oorgeneem het, soos bv. in Ps. 28 die onverwagte, hoewel na die gees heeltemal Bybelse, beeld in Ps. 28, 6, wat direk aan Vondel ontleen is:

Beloon hul na hul werk en sin,
en skink hul eie drank hul in.

Ek sou kan wys op gevalle waar slegs 'n woord of wending, waardeur 'n tegniese moeilikheid oorwin word, oorgeneem is. Daar is ook verse aan te wys waar die só gevonde oplossing tog nog nie oortuigend is nie. Ek het 'n enkele keer daar op gewys. „Met onbekrompe hand gee” (Ps. 72, vs. 8, 3) is arm aan siening (ontleen aan Camphuysen), terwyl „my hoop bly op u (goedheid) staan,, (Ps. 13, 5 en 88, 1—aan Marinix en Cahphuysen respektiewelik ontleen, gewild aandoen.

Maar oor die algemeen is die indruk wat hierdie voorlopige studie, wat egter op heel sprekende gevalle berus, by my gevestig het, dat die besieling wat Totius uit die beryming van ander geput het, die hulp wat hy by hulle gesoek en gevind het om tegniese moeilikhede te oorwin en sy uitdrukkingsvermoë te versterk en te verfyn, die Afrikaanse psalmboek tot onskatbare voordeel gewees het. Van 'n digter wat gebruik maak van so'n verskeidenheid van voorgangers, kan 'n mens verwag dat hy daardie voorgangers sal oortref. En 'n vergelyking het my ook oortuig dat Totius in direktheid van vertolking, vryheid van die neiging om aan te vul met eie fantasieë en bespiegeling in frisheid van beelding en vastheid van ritme die digters oortref wat hom dikwels sulke skone vondste geskenk het.

Tenslotte nog dit: die ou goud van ons psalmboek is 'n Dietse erfenis; is dit nie 'n verblydende gedagte nie dat nadat ons afskeid geneem het van die Nederlandse psalmboek, wat anderhalwe eeu lank ons geestelike lewe gevoed en vertolk het, ons eie psalmboek wortel in die beste van ons Dietse verlede?

1938.

MONUMENT-REEKS

No. 5/6.

UITGEWERS: J. L. VAN SCHAİK, BPK., PRETORIA.



MONUMENT-REEKS